



# **NAMA KHOI MUNISIPALITEIT**

## **NOTULE**

**SPESIALE RAADSVERGADERING**

**DATUM: DONDERDAG, 05 JUNIE 2019**

**TYD: 09h00**

**PLEK: MUNISIPALE RAADSAAL**

## **NAMA KHOI MUNISIPALITEIT**

**NOTULE VAN 'N RAADSVERGADERING GEHOU OP WOENSDAG, 05 JUNIE 2019 OM 09h00 IN DIE MUNISIPALE RAADSAAL, SPRINGBOK.**

---

**SRVNS001/06/2019**

**Presensielys**

Raadslede: GY Pieters (Voorsitter)

LF Faber

S Kleinbooi

WS Jordaan

D A Markus

CE Gertze

YL van Zyl

CG Coetzee

P van Reenen

R Kritzinger

ZP de Jongh

SH Ruiter

GJ Coetzee

LL Vries

JE van den Heever

ML Isaacs

Amptenare: SA Titus (Munisipale Bestuurder)

HE Cloete (Waarnemende Hoof Finansiële Beampte)

RC Hartley (Waarnemende Hoof: Gemeenskapsdienste)

DC Magerman (Waarnemende Hoof: Korporatiewe Dienste)

M Cloete (Sekretariaat)

**Afwesig sonder verlof**

Geen

**SRVN002/05/2019**

**Opening, verwelkoming en konstituering van vergadering**

Mnr Jacques Cloete open die vergadering met gebed. Die Voorsitter heet almal teenwoordig, welkom, en verklaar die vergadering as wettig gekonstitueerd.

**SRVN009/05/2019**

**Voorlegging en goedkeuring van finale begroting 2019/2020**

Die Burgemeester noem dat die Raad deur 'n proses gekom het dat die begroting vir die komende finansiële jaar 2019/20 goedkeur moet word. Die begroting het nie noodwendig baie veel veranderings nie. Baie van die tariefverhogings is toegepas in terme van die Omsendbrief soos uitgerek deur Tesourier. Die tariefverhogings moet inflasie gekoppel wees en dat die Munisipaliteit by 5.2% moet hou. Daar is egter geen beheer oor die grootmaat dienste soos elektrisiteit en die voorsiening van water wat onderskeidelik tussen 13% en 9% verhoog is en dit is die tarief wat deurgegee moet word aan die verbruikers en dat die Raad geen wins gaan toon die komende finansiële jaar op die verkope van water en elektrisiteit nie, omdat die Raad geen verdere persentasie verhogings op die verhoging van Nersa en Sedibeng Water gaan toelaat nie of gaan doen. Die koers waarteen ons ook huidiglik aangeslaan word in terme van eiendomsbelasting tariewe wat huidiglik ondersoek word en hopenlik in die komende finansiële jaar gaan regstel om te verseker dat die verbruikers 'n baie meer gemaklike koers kan kry. Die hele kwessie oor eiendomsbelasting tariewe is 'n netelige situasie en dit is iets wat inderdaad en indringend aangespreek moet word. Dit het ongelukkig 'n impak op verdere ontwikkeling binne in die Munisipaliteit en dit het ook 'n negatiewe impak op die skep van werkgeleenthede en ekonomiese ontwikkeling want dit word beweer dat die munisipaliteit se tarief een van die hoogste koers in die land is. Die hoop is op Tesourier en Departement van Kooperatiewe Regering en Nedersetting dat hierdie situasie in die komende finansiële jaar reggestel word om aan die einde van die dag 'n meer gemaklike koers daar te sit, om die ekonomiese groei te stimuleer en terselfde tyd ekonomiese geleenthede en ontwikkeling binne hierdie Municipale gebied trek. Ons is in 'n uitdagende ekonomiese klimaat huiglik. Die statistieke wat uitgerek is deur Statistiek SA dat ons bruto binnelandse produk gedaal het wat beteken daar was 'n massiewe inkrimping in die ekonomie en 'n kleiner ekonomie sukkel om werkgeleenthede te skep en dit moet dringend aandag kry. Hier waar ons in die Noord Kaap sit en selfs in Namakwa Distrik area is ons die hardste getref as gevolg van ons steun op mynbou aktiwiteite en die vervaardigings sektor in hierdie area het totaal en al verdwyn. Die negatiewe uitwerking van die sluiting van die myne in 2004 het ongelukkig ook 'n negatiewe impak op die ekonomiese, Namakwaland se ekonomie en veral Springbok se ekonomie, dus kan onse munisipaliteite nie net tariewe verhoog nie. Ons sal ook moet ons huidige ekonomiese klimaat in ag neem maar ons beleide moet van so 'n aard wees dat dit wel ekonomiese groei en ontwikkeling na hierdie area trek want dit gaan nie verewig die verantwoordelikheid is van die Regering en Plaaslike Regering om werkgeleenthede te skep nie, die Privaat Sektor moet ons help in hierdie doel en hulle kan dit alleenlik doen as ons die klimaat skep om die ekonomiese ontwikkeling en groei lok na hierdie area. Alle tariewe gaan verhoog met 5.2% behalwe vir elektrisiteit en die water asook feit dat ons die tarief van 2015/16 finansiële jaar gaan implementeer met betrekking tot ons eiendomsbelasting tarief. Dit gaan nog nie noodwendig die gewenste uitwerking en baie groot verligting bring nie want sekere verbruikers sal dit nogsteeds nie voel nie en die anders sal dit miskien in hul sakke voel. Ons sal ook moet in die komende finansiële jaar aandag gee in onse ekonomiese ontwikkelingsplanne en die IDP meer integreerd maak om onse uitdagings in terme van ekonomiese ontwikkeling aan te spreek maar terselfde tyd ook 'n werkbare plan op die tafel hê wat ons op die einde van die dag kan verkoop aan potensiele ontwikkelaars en potensiele beleggers binne hierdie area om ons te

help om die groot uitdagings van werkloosheid, armoede en ongelykhede aan te spreek binne onse area. Ons sal ook moet seker maak in die komende finansiële jaar aandag gee vir die skepping van integrerende gemeenskappe binne onse area. Nama Khoi Munisipaliteit is een van die munisipaliteite in die Noord Kaap wat baie swak doen in terme van integrasie. Ons sal moet begin om al hoe meer ontwikkeling en selfs die bou van lae koste behuising in dorpe soos byvoorbeeld in Springbok aan te moedig. Ons sal dit moet begin doen sodat dorpe soos Matjieskloof en Springbok bymekaar moet uitkom, dorpe soos Carolusberg en Fonteintjie na Springbok toe beweeg. Die manier hoe ons ontwikkeling doen is om weg te beweeg van die sentra af en nie noodwendig na die sentra nie. Ons gaan groter gemeenskappe skep en ons gaan deur middel van dit mense toegang gee tot basiese dienste. Burgemeester vra die Raad asook administrasies om hierdie komende finansiële jaar te doen wat hulle moet doen in terme van dit wat hul mandaat is soos wat die Grondwet dit uit een sit, dat ons seker maak dat ons mense toegang gee tot basiese dienste, dat ons daar toe bydra dat onse mense se ekonomiese omstandighede gaan verander, dat ons daar toe gaan bydra dat ons vir mense 'n klimaat kan skep waarin hulle kan floreer maar ook dat ons dit wat ons nie meer nodig het, want ons hou ontwikkeling terug, ontslae raak van die bates. Ons het baie grond vir ontwikkeling en baie stel belang om hierdie gronde te ontwikkel om sodoende weksgeleenthede te skep. Laat ons beleide daarheen praat, sodat dit maklik is om besigheid te doen en dat ons meer ekonomiese ontwikkelings projekte kan lok. Kom ons maak Nama Khoi Munisipaliteit 'n "blue print" van ontwikkeling. Ter slotte wil die Burgemeester die Raad en Administrasie geluk wens met die gemerkwaardige prestasie dat Nama Khoi Munisipaliteit aangewys is as een van die top 20 munisipaliteite in Suid Afrika. Ons is aangewys as die 18de beste Munisipaliteit in Suid-Afrika. Wat hierdie prestasie so merkwaardig maak is die feit dat ons as die huidige Raad het in 2016 ingekom en Nama Khoi Munisipaliteit was 240ste van 246 munisipaliteit in die land wat beskou was as nie-funksionerend en van die swakste munisipaliteite in Suid-Afrika. Ons het dit reggekry om dit om te draai binne 2 jaar en hy glo as ons as Raad en Administrasie mooi sal saam werk en meer insit kan ons hierdie munisipaliteit 'n model munisipaliteit maak as elkeen van ons doen dit wat ons moet doen tot die beste van ons vermoëns en met die nodige trots, agting asook respek. Daar is mense hier buite wat smag na werk en voel hulle kan 'n bydrae lewer, kom ons vertrap nie die hoop van daardie mense nie. Kom ons word nie sleg gesê en sleg gemaak nie. Kom ons kom met die nodige trots en respek na Nama Khoi Munisipaliteit en ons maak die munisipaliteit 'n model waarop almal kan trots wees. As almal trots is op die munisipaliteit en die dienste wat ons lewer sal ons ook baie gelukkig wees en sal ons gelukkige raadslede in die raad hê. Dis na gelang hiervan is die voorstel dan dat die begroting van die 2019/2020 finansiële jaar goedgekeur word.

**Raadslid WS Jordaan, Hoofsweep van die DA versoek 'n koukus breuk en die Voorsitter staan dit toe vir 7 minunte.**

**(DA koukus breuk)**

**Die vergadering hervat na 7 minute. Raadslid Jordaan noem dat dit 'n hele ander prentjie is na laasjaar, en is hulle mansgenoeg en groot genoeg om erkenning te gee dank uit te spreek en waardering want dit wat die DA by 'n soortgelyke vergadering gevra het, en versoek het, dit is nagekom. Hy wil ook die Burgemeester herinner dat wanneer daar gepraat word van prestasie dan is ons**

‘n span en dat dit nie net ‘n politieke party is wat uitstaan nie, wat hierdie prestasie bewerkstellig het nie. Hy noem dat ons nie mekaar kan beskuldig nie dat daar nie samewerking gegee is nie vir ‘n beter lewe vir ons mense daar buite. As oposisie hoegenaamd voel ons dat wanneer verkiesings verby is dan werk ons saam vir die beste van ons mense daarbuite en daarom wil ons ons dank uitspreek . Ons is ook daarteen dat daar gedurig gekritiseer word en wil ons ook ons dank uitspreek dat die goed wat ons laasjaar probleem mee gevind het aangespreek is. Verder wil ons ook net se dat dit nog kommerwekkend is dat ons onder begroot met ‘n 68miljoen rand, maar ons besef ook dat as jy druk toepas moet tariewe verhoog en ons mense kan hulle beste nie bekostig nie. Maar ons vertrou en hoop met die samewerking van die verskillende departemente en Tesourier dat ons dan ook meskien soos met die beleide gaan kyk hoe ons die probleem kan oorkom, ons het goeie idees onder mekaar en daar is sekere voorstelle wat ons meskien kan toepas om ten einde die probleem te oorkom. Die kwessie van die gemeenskapsdeelname proses is ons tevrede wat in die Mededelings van die Speaker, dat daar ‘n proses gedoen gaan word met die mense en besef ons ook dat tyd teen ons was om die proses te volg soos die Municipale Finansies Bestuurswet ons voorskryf. Ons wil net klem lê dat ons is besonders dankbaar vir die Finasiële Herstelplan wat ons deeglik bespreek het asook beleide wat bespreek was, maar soos ook uitgewys in die werkswinkels wat ons gehad het dat dit gereeld gemonitor word spesifiek wat ons betref die debiteure want ons besef mos die bedrae wat ons kan afbring wat betaal moet word en die reëlings wat getref word om uiteindelik die probleem te oorkom. Ons wil ook hoop uitspreek dat die webtuiste op datum gebring gaan word en dan het ons absoluut bekommer oor ons salaris en sal ons graag wil hê om gedurende die jaar die komponent af te kry want dit is ‘n teer saak. Laastens wat betref die eiendomsbelasting wil hy net noem afgesien van die feit dat ons werk op ‘n tarief van 2015/2016 finansiële jaar is dit nogsteeds ‘n 20 na ‘n 25% verhoging op die vorige jaar wat ‘n verkeerde indikasie gee dat ons tariewe net aangepas met 5.3%, maar is tevrede met die verduideliking van die Burgemeester dat ons deur die jaar kyk om dit aan te spreek. Die gedagte was net verder dat daar gedurig aspekte is wat dringend aandag moet kry en in plaas van ‘n spesiale raadsvergadering oproep om te kyk na hoofsweep komitee saam te stel om sekere van hierdie aspekte aan te spreek op vaar beleidende manier en dit binne die politieke partye deur te gee aan die lede. Dan op hierdie manier wil ons dan voorstel dat die begroting goedgekeur word.

## **BESLUIT**

**DAT DIE BEGROTING EN DIE FINANSIËLE HERSTELPLAN GOEDGEKEUR WORD.**

**VOORSTELLER: RAADSLID WS JORDAAN**  
**SEKONDANT: RAADSLID S KLEINBOOI**

VERDAGING



.....  
WENDE VOORSITTER/SPEAKER VAN DIE RAAD